

Kategeet werkblad: 31 Oktober 2010

Teksgedeelte:

Jesaja 10:1-34

Agtergrond:

(Uittreksels uit Bybelstudie deur Annene Mullins, Kobus Myburgh en Fanie Cronjé)

Vers 2 sê hulle dra nie die belange van die weerloses in die samelewing op die hart nie: '(Hulle) [... stoot die armes weg van die gereg, hulle beroof die ellendiges van die reg, sodat die weduwees hulle buit kan word en hulle die wese kan plunder].' Die leiers behoort te weet dat hulle God verteenwoordig. Hulle tree egter nie so op nie.

Vers 4 spel die gevolge van 'n vergrype aan mag uit: '[Hulle kan net maar buig soos geboeides en val soos diegene wat gedood is].' Dit kan dui op wat tydens beide ryke se geval gebeur het. Met die aanval in Samaria, die hoofstad van Israel en Jerusalem, die hoofstad van Juda het baie hulle lewens verloor. Ander is geboei weggevoer. Wie mag misbruik, moet weet hulle dae is getel. Hulle ondergang is onvermydellik. Dit is net 'n kwessie van tyd. Hierna herhaal die refrein van die vorige hoofstuk: '[Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek].' Die Here kyk nie magteloos toe wanneer die magtiges hulle mag misbruik nie. Dit staan die Hom nie aan. Die Here knip magsmisbruik kort.

Van vers 12 af verskuif die fokus van Juda na Assirië: '[Maar as die Here klaar is met al sy werk op berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek aandag gee aan die vrug van die grootsheid van die hart van die koning van Assur en oor die spoggerigheid van sy verhewe oë].' *Die Here se werk met Juda* is om hulle op te voed, nie om hulle te straf nie. Om hulle aan die hand te vat en stap vir stap vir hulle te verduidelik hoe die verhouding tussen hulle werk. Luister hulle nie, dra hulle die gevolge! Dit is waar Assirië inpas.

Vers 13 gee vir ons 'n kykie in die selfvoldane hart van die koning van Assirië: '[Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig; en die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder; en die wat op trone sit, het ek soos 'n maghebber neergewerp].

Vers 17-19 sê deur verskillende beelde dat dit die Here is wat Assirië tot 'n val bring: '[En die Lig van Israel sal 'n vuur wees, en sy Heilige 'n vlam; en dit sal sy distels en sy dorings verbrand en verteer op een dag. Ook sal Hy die heerlijkheid van sy bos en van sy vrugteboord verteer, van die siel af tot die vlees toe, sodat dit is soos wanneer 'n kranke wegwyn. En die oorblyfsel van die bome van sy bos sal min wees, en 'n seuntjie sal hulle kan opskrywe].' Van die eens magtige Assiriese ryk bly daar so min oor dat 'n klein seuntjie wat nog leer om te skryf dit kan opskryf.

Vers 20 lei 'n nuwe perikoop in wat oor die oorblyfsel gaan: '[En in dié dag sal die oorblyfsel van Israel en die wat weggekom het van die huis van Jakob, nie meer voortgaan om te steun op hom wat hulle slaan nie; maar hulle sal steun op JHWH, die Heilige van Israel, en dit in opregtheid].' *In dié dag* kan verwys na die hele Agas-Peka-Resin episode waarvan Jesaja 7 vertel toe Agas nie op die Here vertrou het nie. Die profeet fokus hier op dié wat wel op die Here vertrou. In Juda én in Israel was daar mense wat na die profeet geluister het en, soos wat vers 21 sê, na die Here toe teruggekom het: '[Die oorblyfsel sal terugkom, die oorblyfsel van Jakob na die sterk God toe].' Vers 22 sê dié oorblyfsel

is net 'n handjievol: '[Want al was jou volk, o Israel, soos die sand van die see, net 'n oorblyfsel van hulle sal terugkom; die verdelging is vas besluit en die oorstroming van geregtigheid].’ Die *terugkom* beteken nié die oorblyfsel spring die wegvoering of ballingskap vry nie. Dit gaan gebeur, sê vers 23.

Verwagte uitkoms:

Daar word altyd in die grootste en sterkste vas gekyk. Mense is begaan oor krag en sukses. In hierdie gedeelte word daar eerder op 'n klein groepie wat op God vertrou gefokus. Mense wat eerder op God vertrou as hulle eie eer en mag wat vergaan. Dit verander die betekenis van “Odd one out” eerder na “Unique one in!”

Aksie:

'n Powerpoint word aan groot groep gewys. Hulle spreek in die groepe “spot the odd one out”. Party van die prente is verspot maklik, ander is moeiliker.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Watter van die prente was die moeilikste/maklikste om raak te sien?

Hart vrae:

- Wat was die snaaksste prentjie vir jou om na te kyk?
- Wanneer in jou lewe het jy al gevoel soos die “odd one out?”

Skoppens vrae:

- Wat was vir die stamme, soos ons in Jesaja 10 gelees het, die belangrikste?
- Die woord wat Jesaja 10 gebruik vir “odd one out” is “oorblyfsel”. Wat het dit beteken om in vergelyking met al hierdie ryk en sterk stamme die “odd one out” te wees?

Klawers vraag:

- Om wanneer ander fokus op hulle eie grootheid eerder te fokus op God se eer en om Hom te verheerlik kan gesien word as om die “odd one out” te wees, of dalk die “unique one in”. Vertel aan die groep van 'n keer wat jy die “unique one in” moes wees.
- Hoe kan ons aan ander wys dat dit belangriker is om die “unique one in” te wees, eerder as om in die mag van die massas te verdwyn?

